LES 4: EERSGEBOORTEREG

INLEIDING:

In ons vorige lesse oor Jakob het ons geleer dat Abraham sy oupa en Isak sy pa was. Esau was sy tweelingbroer wat eerste gebore was. In die Bybelse tyd was die gebruik dat die oudste seun die belangrikste is. Ons het ook gesien dat Esau 'n jagter en man van die veld was, maar dat Jakob graag by die huis gebly en sy ma Rebekka gehelp het.

ROLLESPEL: GENESIS 25: 29-34

Jakob staan by sy pot lensiesop en roer dit. Esau kom moeg van die veld af met sy pyl en boog oor sy skouer.

Esau: Laat my gou van daardie rooi sop van jou wegsluk. Ek is doodmoeg.
Jakob: Verkoop eers jou reg as eersgeborene aan my.
Esau: Ek gaan tog doodgaan van die honger, wat help dit dan dat ek die eergeboortereg het?
Jakob: Belowe nou vir my om jou eersgeboortereg te gee. Dan kan jy van my lensiesop kry.
Esau: Ek belowe. Gee nou dadelik vir my van die sop voor ek hier dood neerslaan.
Jakob gee vir Esau sop en brood in 'n bakkie. Esau sluk dit gulsig weg, staan op en loop weg.

Esau het op die manier sy eersgeboortereg weggegee, want dit was nie vir hom belangrik nie.

Eersgeborenes was baie belangrike mense. Hulle het ook meer erfgoed ontvang. Deur die Here se belofte aan Abraham (Isak se pa en Esau se oupa) was die land Kanaän ook eers deel van sy eersgeboortereg. Esau het vergeet hoe belangrik sy eergeboortereg is. Hy het gesondig toe hy sy eersgeboortereg verruil het vir lensiesop sonder om daaroor te dink. Jakob het ook gesondig omdat hy op 'n skelm manier sy broer se eersgeboortereg verkry het. So was die Here se woord besig om waar te word: die oudste broer sou die jongste dien.

Omdat Esau die oudste seun was sou hy vir Isak opvolg as die hoof van die familie en sou hy twee-derdes van Isak se besittings erf. Maar Esau het nie veel waarde geheg aan sy eersgeboortereg nie, maar dit was iets wat Jakob graag wou hê. Vir Jakob het die lensiesop weer nie op daardie stadium veel waarde gehad nie terwyl Esau, wat rasend honger was dit baie nodig gehad het. Indien Jakob vir Esau op 'n ander tydstip benader het, sou hy heel waarskynlik nie sy eersgeboortereg opgee nie, want hy sou logies gedink het en die breër implikasies besef.

Jakob het Esau se impulsiwiteit uitgebuit en Esau se honger gebruik om hom uit sy erfporsie te verkul.
Jakob het geweet sy pa gaan hartseer wees as hy uitvind dat hy Esau verkul het, maar hy het tog daarmee voortgegaan.

TOEPASSING:

Wie van julle het al ge-"crook" as julle albasters of ander "games" speel? Of miskien het jy gekul toe jy kaarte (soos rugbykaarte) uitgeruil het met jou pelle? Miskien het jy vriende nie agtergekom dat jy gekul het nie, maar jy was nog altyd oneerlik. Dink jy dis reg so? Of is jy ook maar net so skuldig soos Jakob?

Dink 'n bietjie: Die Here het vir jou goeie vermoëns en talente gegee. Gebruik jy dit altyd op 'n positiewe manier? Of gebruik jy dit dalk om skelm op te tree of ander mense te verkul (soos Jakob)?

SPELETJIE:

Elkeen in die groep kry 5 vuurhoutjies. Beweeg rond en vra mekaar vrae. Elke keer as jy "ja" of "nee" antwoord op 'n vraag wat iemand vir jou vra, moet jy vir daardie maat 'n vuurhoutjie afgee. Na omtrent 5 minute, blaas die leier die fluitjie sodat almal ophou "wheel en deal". Die een wat die meeste vuurhoutjies, het, kry 'n prys.
(Plant n paar boksies oral in die vertrek en hou 'n ogie om te sien of iemand nie dalk in die versoeking kom om 'n paar daaruit te gaps nie.)

Ons lees in Gen 26:34 en 35:
"Toe Esau 40 jaar oud was, het hy getrou met twee vroue.... albei vroue was Hetiete. Isak en Rebekka was baie ongelukkig oor hierdie twee vroue van Esau."

Dit beteken dat Esau met vroue uit heidennasies getrou het. Ons sal later in die jaar lees van Jakob wat spesiaal ver gaan soek het sodat hy kon trou met vroue uit hul eie nasie. Hier sien ons nou dat niemand net goed of net sleg is nie. Jakob wat sy broer verkul het, het weer die regte ding gedoen en met vroue uit sy eie volk gaan trou.

MOONTLIKE BESPREKING:

Hoe voel jou ouers as jy hulle teleurstel (soos Esau wat met heidense vroue getrou het)? Wat kan jy doen om weer hulle vertroue te wen nadat jy hulle teleurgestel het?

AKTIWITEIT: Doolhof: Die pot lensiesop (Bl 11)

ALTERNATIEWE AKTIWITEIT: Teken vir elke kind 'n pot. Smeer kouelym op die pot en laat die kinders die potte versier met bruin lensies, rooi lensies en gesplete ertjies.

AKTIWITEIT VIR LES 4 (Bl 12)